27 November **Skrifgedeelte: Psalm 40:11-18**

Die Here dink ook aan my

Hoe meer die Heilige Gees ons laat besef hoe groot God se weldaad deur Christus aan ons werklik is, hoe meer begeer ons gelowiges om God se wil te doen. Deur hierdie voortdurende werking van die Gees, leef ons al nader aan God, en hoe nader ons aan God lewe, hoe dringender word die aanslae van die bose.

Dit was ook Dawid se begeerte om sy lewe volgens die Here se Woord in te rig en sy wil te doen. Hy het God se groot dade in die gemeente verkondig. Sy gehoorsaamheid aan God het hom egter nie van die verleiding van die bose gevrywaar nie. Tog weet hy sy eie ongeregtigheid is die oorsaak dat ramp op ramp hom oorval. Dit gaan so erg dat hy moedeloos is.

Die gelowige gaan sit egter nie daaroor op ‘n hopie of kom in opstand teen God nie. Hy vlug eerder nog nader aan God. Hy roep tot God, want hy besef sy eie hulpeloosheid en armoede en bekla dit by God. En die Heilige Gees verseker hom opnuut weer dat die Here aan hom dink.

Die Here dink aan my in my angs en nood; in my kommer oor my saligheid; in my droefheid oor my sonde. Ek is nooit een oomblik uit sy gedagtes nie, al sou alle mense my in my nood vergeet. Die Here dink in liefde aan my en sy bemoeienis word konkreet getoon in sorg, troos, steun en redding. Omdat Christus jou met sy kosbare bloed gekoop het, kan jy ook seker wees: God dink aan jou. Jy is ryk as jy in al jou benoudheid kan sê: Die Here dink aan my.

Sing: Psalm 40:8 Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)